Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | Desember 2018

AfriForum Tydskrif



## Ons het hoop

ISSN 2313-1144
9 772313 114002

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

Forum 16-draft.indd 1 2018/11/16 13:31



# Werk + Hulpbronne + Genade = Sukses

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum
@kalliekriel

AfriForum is dankbaar dat 2018 terugskouend 'n jaar was waarin dié organisasie met die hulp van sy personeel, vrywilligers en lede weer daarin kon slaag om groot suksesse te behaal.

Dié suksesse is te veel om almal hier te noem. Elders in *Forum Tydskrif* word egter 'n oorsig van talle van die suksesse gegee. Sommige van die suksesse kry baie media-aandag, soos byvoorbeeld die feit dat die buiteland toenemend begin kennis neem van AfriForum en ander rolspelers se volgehoue pogings met betrekking tot plaasmoorde en die bedreiging van eiendomsreg in Suid-Afrika. Selfs Donald Trump, president van die wêreld se sterkste moondheid (die VSA), het sy kommer daaroor uitgespreek in 'n twiet. AfriForum se Wêreldwyd-inisiatief, wat behels om met Suid-Afrikaners in die buiteland te skakel, het ook van krag tot krag gegaan.

Iets waarvan min op nasionale vlak kennis geneem word, is die reusesuksesse wat AfriForum se meer as 120 buurtwagte en meer as 130 takke landwyd op grondvlak behaal. Die samewerking tussen AfriForum se personeel, vrywilligers en lede is 'n toonbeeld van die slagspreuk #SkepSaamHoop. Die suksesse wissel onder meer van die arrestasie van misdadigers, patrollies om gemeenskappe en skole veilig te hou, die opvul van slaggate, die regruk van vullisterreine, die toets van waterkwaliteit, skoonmaakaksies, aksies om wanpresterende munisipaliteite verantwoordbaar te hou, asook verskeie ander selfdoenaksies.

Op die gebied van taal, kultuur en onderwys was AfriForum se Dink of Sink-debatskompetisies en die teenboelieveldtog by skole vanjaar groter as ooit vantevore, terwyl die AfriVriendelik-inisiatief wat daarop fokus om Afrikaanse ondernemings te bevorder, ook verder uitgebrei het.

Sommige suksesse is minder ooglopend, maar nietemin van uiterste belang. 'n Voorbeeld hiervan is die suksesse wat adv. Gerrie Nel en sy span by AfriForum se privaatvervolgingseenheid behaal. Dié eenheid se primêre taak is om toe te sien dat die nasionale vervolgingsgesag sy werk doen om verdagtes teen wie daar 'n sterk saak is te vervolg en indien dit nie gebeur nie, privaat vervolging in te stel. Tot dusver het die staat telkens ná Nel se toetrede in sake wat die staat nie wou vervolg nie, omgeswaai en wel self vervolging ingestel. Dít is 'n reuse-oorwinning, maar het natuurlik tot gevolg dat AfriForum nie self vervolg nie. Die privaatvervolgingseenheid is dus die slagoffer van sy eie sukses!

AfriForum het as organisasie ook sterk gegroei gedurende 2018. Ons ledetal is nou meer as 216 000, terwyl ons meer as 170 voltydse personeel en sowat 7 000 vrywilligers het wat meewerk om AfriForum 'n krag te maak om mee rekening te hou.

2018 was ook 'n blink jaar vir AfriForum se filiale. Forum Films se puik videoproduksies en Kraal Uitgewers se gehaltepublikasies is iets waarop die organisasie en sy lede trots kan wees. De Goede Hoop, AfriForum se Afrikaanse koshuis naby Tukkies, se inwonertal het vanjaar met nagenoeg 34% gegroei en gaan volgens voorlopige aanduidings aanstaande jaar selfs meer inwoners hê.

Al bogenoemde suksesse kan maklik as 'n gegewe aanvaar word. Die werklikheid is egter dat al hierdie suksesse wat behaal word nie as vanselfsprekend aanvaar kan word nie, maar die resultaat is van die volgende formule: **Werk + Hulpbronne + Genade = Sukses**.

**Werk:** Ons roeping op aarde vereis onder meer dat ons hard moet werk om 'n verskil in ons gemeenskappe te maak. Geen sukses is moontlik sonder harde werk nie. My oorlede skoonpa het tereg altyd daarop gewys dat die enigste plek waar sukses voor werk kom, is in die woordeboek. Ek wil dus al AfriForum se personeel, vrywilligers en lede bedank vir hul harde werk die afgelope jaar. Daarsonder sou AfriForum geen sukses kon behaal nie.

**Hulpbronne:** Om sukses te behaal is hulpbronne onontbeerlik. Die staat kom dikwels weg met onreg omdat die gemeenskappe wat benadeel word nie oor die hulpbronne (veral geld) beskik om vir hulle regte op te staan nie. Sonder die nodige geld en ander hulpbronne is die moontlikhede vir sukses uiters beperk. Daarom wil ek elkeen van AfriForum se meer as 216 000 lede bedank vir hulle maandelikse bydraes tot die organisasie. Dit is hierdie steun wat AfriForum selfs nóg sterker maak om suksesse te behaal.

**Genade:** Gedurende die afgelope 12 jaar van AfriForum se bestaan het ek telkens tot die gewaarwording gekom dat ons veldtogte en aksies baie meer suksesvol is as wat ons gedink het menslik moontlik is. Ons organisasie is die afgelope 12 jaar geseën met hope genade wat ons van Bo ontvang het. Uiteraard het ons nie teruggesit, niks gedoen en bloot gehoop dat God ons sou seën nie, maar ons het gewerk met die wete dat God sy kinders as sy instrumente gebruik om 'n verskil te maak deur harde werk, roepingsgedrewenheid en genade.

Ná 'n jaar van sukses wens ek graag elke AfriForum-lid, -personeellid en -ondersteuner 'n geseënde Kersfees en voorspoedige 2019 toe. Ek hoop elkeen van u het ook die geleentheid om 'n welverdiende ruskans te neem. Ek sien daarna uit om saam met elkeen van u ons suksesformule, naamlik **Werk + Hulpbronne + Genade = Sukses**, in 2019 volstoom voort te sit!

> **“Dié suksesse is te veel om almal hier te noem.**



Forum 16-draft.indd 7 2018/11/16 13:31